

KAMPTERREIN REËLS

Hartbeesfontein

TERREIN URE:

Maandag tot Vrydag: 07h00 tot 16h00.
Saterdag en Sondag: Slegs op bystand diens.

TERREIN

1. Geen hout mag uit die veld verwyder word nie. (Dinokeng resevaat regulasies)
2. Die terrein moet in 'n netjiese toestand gelaat word. Waar aktiwiteite aangebied was, in die veld en/of op die kampterrein, moet alles opgeruim en in 'n goeie toestand gelaat word.
3. Geen oop vure word op die terrein toegelaat nie behalwe in die aangewese geboude braaiplekke. **Sou die reël oortree word sal u verantwoordelik gehou word vir enige skade op die terrein sowel as buurplase.**
4. Geen persoon mag op die trekker en/of enige toerusting wat aan die trekker gekoppel is/word klim en/of ry nie en/of daaraan peuter nie.
5. Waar enige veldbrand mag ontstaan en/of opgemerk word, moet dit onmiddellik aan die terreinopsigter gerapporteer word. Hy sal die nodige hulp/bystand ontbied, dienooreenkomstig die graad van die brand.
6. Aangesien die terrein in 'n reservaat geleë is en hier geen vuillis verwyderings dienste is nie, vra ons asseblief dat alle vuillis (bottels, blikke ens,) wat deur die instansie/groep/persoon(e) wat die terrein gebruik/huur, verwyder word.
WAT U INBRING, NEEM U ASB WEER WEG.

7. GEEN VUURWERKE WORD TOEGELAAT NIE.

SWEMBAD

DIE SWEMBAD WORD TEN VOLLE OP EIE RISIKO GEBRUIK.

1. Die beheer van die swembad area, word ten volle oorgedra aan die verantwoordelike persoon, namens die instansie/groep/persoon(e) wat die terrein huur/gebruik. Daarna sal die huurder tenvolte verantwoordelik gehou word vir alle toesig en beheer in die swembad area tot en met dat die terrein verlaat word. Enige nalatigheid sal direk aan die huurder van die terrein toegedeel word.
2. Kontak asseblief die terreinopsigter as die swembad gebruik gaan word om die "Creepy Crawly" uit die swembad te verwyder. Indien 'n persoon(e) swem en dit word beskadig sal die instansie/groep/huurder verantwoordelik gehou word vir sodanige skade.
3. Geen chemikalië mag deur enige persoon(e) in die swembad gegooi word nie.
4. Beheer oor die swembad pomp(e) is uitsluitlik die verantwoordelikheid van die toesighouer.
5. Die terreinbestuur / terreinopsigter, werkers en/of die bestuur van Die Voortrekkers distansieer hulle ten volle van enig aanspreeklikheid rakende die gebruik van die swembad.
6. Geen eise van watter aard ookal sal teen Die Voortrekkers en/of sy werkers en/of personeel in gestel kan word nie.

KOMBUIS

1. Voorrade uit kombuis stoor word uitgereik volgens u behoefte en die verantwoordelike persoon teken die inventaris vir ontvangs van goedere.
2. Indien u enige addisionele toerusting benodig vra die terreinopsigter om dit vir u uit te haal en teken daarvoor.
3. Indien enige toerusting, yskas, vrieskas, stoof of geysers nie na wense werk nie, bring dit onmiddellik onder die terreinopsigter se aandag. (Moet asseblief nie self probeer om dit te herstel nie omdat enige skade deur u veroorsaak sal deur u betaal moet word).
4. Laat die kombuis asseblief soos u dit ontvang het.
5. Alle toerusting moet skoon en in 'n netjiese toestand gelaat word. Indien nie, sal koste om die kombuis skoon te maak van u deposito verhaal word.

SLAAPLOKALE

1. Sorg moet gedra word dat daar ten alle tye toesig in die slaaplokale is.
2. Kinders moet aangemoedig word om lokale netjies te laat wanneer terrein verlaat word.
3. Spelery moet tot die minimum in slaaplokale beperk word.
4. Kampeerders mag nie direk op die matrasse slaap nie. 'n Laken moet oor matras gegooi word.
5. Waar kinders matrasse, deure en/of mure vuil mors, sal die onkoste om dit weer skoon te maak van u deposito verhaal word.
6. Geen matrasse mag uit lokale verwyder word sonder die toestemming van die terreinopsigter nie.
7. Indien enige deure en/of vensters beskadig word, sal dit van u deposito verhaal word.
8. Indien enige ekstra matrasse benodig word, kan u dit van die terreinopsigter aanvra en moet voor u vertrek aan dié terreinopsigter terug besorg word.

ALGEMEEN

1. Enige skade aan geboue, toerusting en/of terrein moet onverwyld onder die aandag van die terreinopsigter gebring word.
2. Geen plakate en/of kennisgewings mag met kleefband / "cellotape", gomplastiek / "prestic" teen die saal se mure en/of enige ander mure, deure en/of vensters vas gesit word nie. Gebruik asseblief die beskikbare kennisgewingsborde.
3. Geen plakkers en/of "stickers" mag gebruik word om plekke op die terrein en/of slaapplekke/slaaplokale mee aan te dui nie. Indien u kennisgewings by die slaaplokale moet aandui, gebruik asb. die kennisgewings borde. (alle kamers is gemerk met kamernommers)
4. Geen persoon mag op staal tafels sit en/of staan nie.
5. Alle stoele, tafels en/of ander toerusting moet voor u vertrek terug geplaas word soos en waar u dit gevind het.
6. Gas toestelle in die kombuis mag slegs onder die toesig van die persoon in beheer van die kombuis gebruik word.
7. Die Kampeleier of die verantwoordelike persoon van instansie/groep of die huurder sal teken vir die stempel vir die toegangsbeheer van die Dinokeng Reservaat en sal dit weer terug besorg aan die terreinbestuur / terreinopsigter voor vertrek.
8. Alle verlore goedere van die kampeerders en die kinders moet asseblief saamgeneem word deur die persoon wat inspeksie doen en aan die eienaars terug besorg. Die terreinbestuur / terreinopsigter, werkers en/of die bestuur van Die Voortrekkers neem geen verantwoordelikheid vir enige verlore goedere.
9. Alle kampeerplekke is duidelik gemerk.

10. Geen plante mag verwyder word vanuit enige plek/kampterrein waar dit geplant is nie.
11. Alle waardevolle items moet ten alle tye opgepas word. Die terreinbestuur / terreinopsigter, werkers en/of die bestuur van Die Voortrekkers neem geen verantwoordelikheid vir enige items wat verlore raak en/of op die terrein agtergelaat word nie.
12. Geen voertuie en/of sleepwaens, mag geparkeer word in die paaie by die kampeer terrein. Parkeer asseblief alle voertuie op aangwysde plekke. Die paaie moet oop wees ingeval van nood.